



BEGRIPSTOETS

OORSAAK EN GEVOLG

LEERAFRIKAANS123
info@leerafrikaans123.co.za

Jan en Ben sit onder 'n groot Akkerboom, langs die skuur, op Jan-hulle se plaas. Hulle is besig om hulle wiskunde huiswerk te doen. Skielik hoor hulle stemme so 'n entjie weg. Die stemme kom van agter die waenhuis. Jan en Ben is net buite hoorafstand en hulle kan net hier en daar iets van die gesprek hoor.

Jan en Ben is baie nuuskierig, maar hulle is ook 'n bietjie versigtig, want netnou is dit skelms. Jan en Ben kyk na mekaar en dan sê Ben saggies vir Jan. "Kom ons sluip nader sodat ons beter kan hoor."

Die seuns sluip versigtig nader. Hulle hurk agter 'n struik met baie blomme. "Ek hoop nie die blomme se stuifmeel laat my nies nie," fluister Jan vir Ben.

Die twee maats sien twee mans en langs die mans staan 'n groot silwer kluis. Een van die mans het 'n groot bos sleutels by hom. Hy probeer verskillende sleutels aan die bos, maar hy kry nie die kluis oopgesluit nie.

Ben stamp aan Jan en fluister. "Jan, dit lyk soos die kluis in my pa se studeerkamer. Die man met die blou hemp is Gatiep.

Hy werk op ons plaas. Hulle moes by ons huis ingebreek het. Ons sal die polisie moet ontbied.”

Gatiep is ongeduldig omdat sy maat nie die kluis oopgesluit kry nie en nie te lank toe stry die twee kliphard. “Jy vat te lank Abdoel! Gee vir my die sleutels, dat ek probeer!” skree Gatiep.



“Gatiep, ek het vir jou gesê, jy het die verkeerde sleutels gevat!” skree Abdoel en druk amper sy vinger in Gatiep se oog.

Gatiep en Abdoel stry nog steeds terwyl die twee seuns versigtig terug sluip na die Akkerboom waar hulle gesit het.

Terug by die Akkerboom, spring die twee seuns weg en hardloop blitsvinnig na Jan se huis toe.

By die huis bel Jan die polisie se noodnommer - 10111. Hy vertel vinnig vir die polisieman wat hulle gehoor en gesien het. Hy gee ook hulle adres vir hom. Gelukkig het die polisie gou opgedaag en die twee diewe in hegtenis geneem. Ben se pa was baie bly omdat hy sy kluis terug gekry het. Ben se pa het vir die seuns elkeen R100 gegee as beloning vir hul dapper optrede.

(353 woorde)

Klasbespreking:

1. Druk gevoelens oor teks uit:

- Hoe voel jy as jy die storie lees?
- Hoe dink jy het Jan en Ben gevoel toe hulle besef dat dit skelms is?
- Hoe moet ons optree as ons iets verdag by ons huis hoor?
- Hoe het Abdoel en Gatiep gevoel toe hulle na die regte sleutel gesoek het?
- Hoe het hulle gevoel toe hulle gevang is?

2. Bespreek oorsaak en gevolg. (Bespreek saam met 'n maat!)

- Omdat Gatiep en Abdoel die kluis gesteel het ..
- As Jan en Ben op die skelms afgekom het kon ..
- Deesdae moet elkeen maar baie....., want
- As iemand by Ben se huis was toe die twee mans ingebreek het kon

3. Gevolgtrekkings

- Omdat Jan en Ben versigtig was
- Omdat Gatiep en Abdoel
- Omdat die polisie
- Omdat Jan en Ben

Bepaal oorsaak en gevolg in 'n mondelinge teks.

Gebruik taal om te dink en te redeneer: Oorsaak en gevolg en hoër-orde denke. Ek dink dit sou..... ens.

1. Wat was die gevolg van Jan en Ben se optrede.
2. Wat was die gevolg van Abdoel en Gatiep se optredes.
3. Skryf neer hoe jy sal voel as mense by jou huis inbreek.

Begripstoets

1. Wat is die polisie se noodnommer?
2. Waar was die seuns toe hulle die stemme gehoor het?
3. Het die seuns die stemme herken?
 - a. Ja/Nee, want _____
4. Waarvoor was Jan bang toe hulle agter die struik gehurk gesit het?
5. Waarmee was die mans besig?
6. Ben het die mans herken. Vertel in jou eie woorde wat hy vir Jan gesê het.

7. Voltooi die volgende sinne:

- a. Die seuns het besluit om _____,
- b. Die mans het besluit om _____
- c. Die polisie het _____

ONTHOU: 'n Sin begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.

- Teken vir Jan en Ben wat agter die struik hurk en na die mans kyk wat probeer om die kluis oop te sluit.
- Teken praatborrels by en skryf in die borrels wat elkeen sê.